# Inheemse Spoor

Celebrating San & Khoi Indigenous Knowledge

Uitgawe 1 | 'n Publikasie van die Rooibos-trust | Desember 2020




Voordele sal groot verskil maak 3


Rooibos se pad na restitusie 4


Blik op erfenis-ryke dorpe 9


Biocultural Community Protocol 11


# Rooibos weer in ons hande




**HISTORY IN THE MAKING:** Khoi and San leaders with representatives of the industry at the historic signing of the Rooibos ABS agreement. **From left:** Barend Salamo (Cederberg and Wupperthal negotiator) Barbary Creecy, Minister of Environment, Forestry and Fishery, Cecil le Fleur (chairman of the NKSC), Colin Louw (NKSC), Martin Bergh (Rooibos industry) and Stanley Peterson (NKSC). **Picture: Courtesy Natural Justice**

**ZENZILE KHOISAN**

Etlike dekades nadat leiers van die Khoi en San-gemeenskape geëis het dat daar erkenning gegee word aan die inheemse en tradisionele kennis, soos oorgedra deur hul voorouers, het die dag uiteindelik aangebreek.

Sowat 'n jaar gelede, in 'n waterskeidings-ooreenkoms, is die Toegang en Regverdige Voordele-ooreenkoms tussen die Rooibos-bedryf en die leierskap van die Khoi en San geteken.

Dit was die gevolg van dekades lange onderhandelings, en is dit 'n trotse oomblik vir die Khoi en San-gemeenskappe se bydrae dat hulle regte uiteindelik erken word as die tradisionele kennishouers van Rooibos.

Rooibos kom slegs in sekere streke van Suid-Afrika voor en vir jare is die eerste nasie se kennis uitgebuit. Maar nou, met die aankoms van die feesseisoen, kan die gemeenskappe in die Rooibos-streek die vrugte pluk van die lang stryd om erkenning en vergoeding.

Hierdie ooreenkoms is geteken op 1 November 2019, onder toesig van die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Vissery, Barbara Creecy, by !Kwa ttu, die San kultuur– en opvoedingsentrum naby Yzerfontein.

Hiermee is die Rooibos-bedryf wetlik verplig om jaarliks 1,5% van die plaashek verkoopprys van Rooibos aan KhoiKhoi en San gemeenskappe te betaal.

Die ooreenkoms stippel ook duidelik uit dat die Rooibosbedryf moet verseker dat regverdige toegang aan gemeenskappe en inheemse Rooibos-boere in alle fasette van die bedryf gegee word.

Die onderhandelingspan, wat bestaan het uit prominente gemeenskaps-verteenwoordigers, die Nasionale Khoi en San Raad (NKR), asook prokureurs van Natural Justice, het verseker dat die Rooibos-bedryf 'n Boikulturele Gemeenskaps-protokol (BGP) onderteken, sodat die regte oor die inheemse kennis van die Khoi en San beskerm kan word.

Prins Stanley Peterson, lid van die NKR en hoof-onderhandelaar namens die KhoiKhoi, het in sy reaksie gesê: "Hierdie is ons storie wat vertel moet word. Dit is 'n storie wat gaan oor die suksesvolle uitkoms van die lang pad van onderhandelinge en wat bereik is deur die Biokulturele Gemeenskaps-protokol."

Voordele sluit in werkskepping, en die opheffing van sowat 160 kleinskaalboere wat aan die Wupperthal ko-operatief behoort in die Wes-Kaap en die Heiveld ko-op in die Noord-Kaap.

Vervolg op bl. 2



**VIR HUL TOEKOMS:** Die Rooibos-ooreenkoms verseker 'n beter toekoms vir die nageslag.

## Game-changing negotiation

A watershed, game-changing Bio-cultural Community Protocol has offered much needed hope to severely impoverished and underdeveloped indigenous KhoiKhoi communities throughout South Africa to uplift themselves and draw significant benefits from lucrative industries built on indigenous plants and the knowledge of their ancestors.

This inspiring development has been realised in less than a decade since the leadership of South Africa's indigenous Khoi and San acted on a long held grievance, that foundational communities had been dispossessed of valuable knowledge.

Knowledge that was developed and handed down through generations over hundreds of years, to build a lucrative industry from which these communities drew little benefit and from which they were completely marginalised.

The agreement details a payment of 1,5% of the farm gate sale price of Rooibos annually to the KhoiKhoi Rooibos ABS Trust, and a trust established by the San communities. It also stipulates upliftment and capacity building for indigenous Rooibos farmers and communities in the growing belt on whose indigenous knowledge the Rooibos industry was established and prospered.

"This is our story that must be told. It is a story of what has been achieved with the BCP, which is the outcome of the long journey through the negotiations which clearly show that communities with legitimate leadership who have integrity can restore the collective traditional knowledge rights that were lost with dispossession," said Prince Stanley Peterson who served as lead negotiator on the team that negotiated and signed the landmark industry-wide agreement with the Rooibos industry one year ago.

However, while there is great jubilation, particularly in the communities where Rooibos is endemic,

Continued on p 2

## Kontakpersone vir NKR

**Frans Kraalshoek:** Free State Representative – Griqua
190 Garden Road
Bloemfontein 9306
Cell: 073 251 9090

**Gabriel Marais:** KZN Representative – Griqua
Rooi Poort Plaas
Greater Kok Stad Municipality
4700
Cell: 083 703 9405

**Corneels Links:** Kharkams Northern Cape – Nama
Hoofstad 249
Kharkams Northern Cape
Cell: 078 498 5564

**Anthony Petersen:** Free State – Korana
18 Hennie Street
Heidedal, 9306
Bloemfontein
Email address: jaftaza@yahoo.com
Cell: 084 253 4393

**William Langeveldt:** Vryburg Representative – Korana (residing in Cape Town)
26 Ravel Road
Steenberg, 7945
Cell: 072 940 8380

**Cecil le Fleur:** Matzikama District Cape Town – Griqua
Binnesingel 31, Vredendal, 8160
Alternative address: Matzikama Municipality, Kerk Straat
Vredendal
Cell: 083 234 5501

**Gert Joel Links:** Kuboes – Nama
Plot 144, P.O. Box 151
Kuboes, 8292
Cell: 066 545 8585

**Chantal Revell:** Cape Town Representative – Korana
15 Blagden Street, Cafda Village
Retreat, 7495
Cell: 067 817 9337

**Johannes Waterboer:** Griekwastad Noord-Kaap – Griqua
Water Straat 3
Griekwa Stad, 835
Cell No: 083 732 6819

**Stanley Peterson:** Upington Noord-Kaap – Griqua
Plot 18465
Khoisan Valley Rosedale
Upington, 8801
Cell: 073 029 9956

**Johannes Maarman:** Eastern Cape – Korana
Rooikloof Straat 558
Patensie, 6335
Cell: 074 872 6829

**Louisa Williams:** Kimberley – Korana
23 Debbie Court
Roodepan, Kimberley, 8301
Cell: 073 293 9467

**Margaret Coetzee:** Eastern Cape – Cape Khoi Inqua
33 Montague Road, Booysen Park,
Port Elizabeth, 6059
Cell: 076 552 4723

**Moira Daya:** Gauteng – Cape Khoi
Cell: 084 680 7779

**John van Rooyen:** Gauteng – Bushmen
Cell: 078 326 5394

**Anthony le Fleur:** Western Cape – Griqua
Cell: 082 555 6381

**Chief Poom Mooney:** Oudshoorn – Cape Khoi Attaqua
Cell: 083 590 2740 / 044 272 2848

**Johan George:** Eastern Cape – Korana

**Paul Pienaar:** – Griqua

**Cedric Witbooi:** – Nama
082 955 7789

# Khoi-gemeenskappe baat by onderhandelinge oor rooibos

Vervolg van bl. 1

Peterson het verder gesê dat hierdie proses duidelik bewys dat indien gemeenskappe deur ware leiers met integriteit gelei word, kan die regte wat weggeneem is as gevolg van onteiening herstel word.

Volgens hierdie ooreenkoms ontvang die Khoi en San-gemeenskappe 'n jaarlikse heffing, wat, na oudit, onder normale omstandighede, op sowat R12m geskat word.

In terme van die ooreenkoms sal die finale bedrag op 'n 50%/ 50% basis betaal word in die Trust Rekeninge wat deur die San en Khoi-gemeenskappe geopen word.

Die BGP dien ook as 'n kulturele bron vir die sowat dertig gemeenskappe wat deur die navorsingsproses geïdentifiseer is. Hiervolgens is rooibos nie net 'n landbouproduk wat verkoop kan word nie, maar is dit ook 'n inheemse bron met vele ander gebruike, wat diep verbonde is aan die KhoiKhoi volke.

Deur hierdie onderhandelinge met die Rooibosbedryf het die gemeenskappe in die Sederberge ook 'n groter bewussyn gekry oor hul Khoi-Khoi inheemse identiteit, en om betrokke te wees in die onderhandelingsproses.

Barend Salamo, 'n inheemse rooibos-boer van Wupperthal, sê hy het geleer dat gewoonte reg net so sterk is as enige ander reg in die hof, en dat enigeen wat toegang wil kry tot inheemse bronne, eers toestemming van die gemeenskappe moet kry.

"Dit sal die uitbuiting van inheemse kennis stuit," het hy gesê.



Barend Salamo, rooibosboer van Wupperthal by inheemse Khoisan rotskuns.

## Rooibos game-changer

Continued from p 1

and where communities have a knowledge pathway with the plant reaching back before colonialism, it cannot be said that the journey from dispossession to restitution and restoration was without very significant difficulties and challenges.

This is because the industries that use indigenous knowledge are formidable, with significant resources to fights communities seeking access and benefit sharing and restitution for what was unjustly taken from them.

The National Khoi and San Council (NKSC) identified this as a potential problem and signed a memorandum of Understanding with Natural Justice, an international structure of legal experts that specialises in successfully defending the rights of indigenous and marginalised communities in 2012.

**"… anybody who wants to have access to your natural resources needs to have the consent of the community to protect the interest of the community's resources and avoid exploitation of their knowledge."**

"This was the start of what certainly has not been a rosy journey," stated Lesle Jansen, the South African indigenous attorney who has led the legal campaigns of Natural Justice in South Africa.

"As is the case with Rooibos, what this case clearly shows is that this is not about individuals but it is about collective rights through which we seek to restore and rebuild communities which are landless knowledge holders to learn to revalue the knowledge that comes from their history," Jansen said.

Jansen went on to explain that the Rooibos Bio-cultural Protocol offers a critical breakthrough because it "confirms the Khoikhoi indigenous people's traditional knowledge claim to Rooibos as shown by ancestral knowledge and history and confirms Collective Rights".

She further explained that the KhoiKhoi communities are protected because the BCP "has legal recognition in South African Law." Jansen pointed out that included in this arsenal of legal protection is the National Environmental Management: Biodiversity Act, South African Bioprospecting, Access and Benefit-Sharing Regulatory Framework and the Indigenous Knowledge Act.

Reflecting on the work to ensure the KhoiKhoi Peoples Rooibos ABS Trust remains faithful to the communities in the Rooibos growing belt that had been part of the landmark restitution journey, Western Cape NKSC member Princess Chantal Revell said that the agreement "offered hope to our people that have been completely broken down, destroyed by years of neglect, unaware that there is true value in their heritage".

Princess Revell's belief that other indigenous communities should follow the Rooibos example is the view expressed one year ago by Environment, Forestry and Fisheries Minister, Barbara Creecy, at the launch of the Benefit Sharing Agreement at the !Kwa ttu San Culture and Education Centre in Yzerfontein, near Cape Town when she said the ABS agreement would "serve as a base and example for many similar settlements to be reached with local communities in future."

Minister Creecy had reminded the signatories and the community representative that had come from across the Rooibos growing belt that the signing of the historic agreement was "an observance of the correction of a past injustice – a wrong that is being righted."

The minister said the negotiation, and the implementation of this agreement "is a good story to tell considering that Rooibos is an existing industry with prospects for transformation, where small players in the value chain have the potential to become big players in a global industry".








# Traditional knowledge victory




ZENZILE KHOISAN

There is no doubt that indigenous KhoiKhoi and San descendants in South Africa have achieved what previously was thought of as impossible – their recognition as the rights holder of a high value product, Rooibos, a cultural resource utilised from before colonialism by the first custodians and stewards of our beautiful land.

In this edition of *Inheemse Spoor* we reveal the dedication and commitment of the structures and the people who had the discipline and vision to walk the decade long pathway to a watershed Access and Benefit Sharing agreement.

This agreement is between the Rooibos industry and the leadership of the Khoi and San, as well as the communities where this resource is most abundant and cultivated for a wide use in the beverage, cosmetic and health supplements industries.

This is the inspirational story that is carried in this first edition, because this victory, which will now open new avenues for other agreements could only be possible because the communities called out for justice; for the knowledge of their ancestors to be accepted and given proper value. The National Khoi and San Council were responsive leaders and heard the call and Natural Justice brought in the expertise and resources to build a winning team.

This case reveals that the injustice of dispossession and oppression cannot prevail over a people rising to be recognised as custodians and stewards, in the land of their ancestors who were unjustly dispossessed.

We salute the Department of Environmental Affairs for its research that verified the knowledge holder rights of the Khoi and the San and for the Rooibos industry for listening to the aspirations of the people on whose knowledge a very lucrative industry was built.

Now this campaign must be extended to other areas of traditional knowledge of the Khoi and San, and even as we celebrate let us be at all times vigilant, to ensure the letter and spirit of the agreement and the Bio-cultural Community protocol that drives it is honoured, so that the benefits ultimately come to the communities whose humanity needs to be fully restored.

## Boodskap van die voorsitter: Johannes Maarman

# Voordele sal groot verskil in lewens maak


Johannes Maarman

**Die Rooibos Toegangs en Voordele Ooreenkoms wat 'n jaar gelede geteken is word beskou as 'n waterskeiding-gebeurtenis omdat dit die verbruikers en gewoonte reg van die Khoi en San aangaande die Rooibos plant erken.**

**Inheemse Spoor:** Vir die oorheersende meerderheid van ons mense is hierdie ooreenkoms 'n massiewe deurbraak, maar almal besef dit kon nie maklik gewees het nie. Kan u die pad van die onderhandeling met die Rooibosbedryf beskryf?

**Chief Johannes Maarman:** Dit was 'n lang en moeilike proses van onderhandeling met die Rooibosbedryf waarin ons regte as inheemse kennishouers van die plant en sy vele gebruike erken was.

Dit bewys dat net met geloof, standvastigheid en die uithouvermoë om die hele pad te stap, kon geregtigheid uiteindelik seëvier aan die einde van die dag.

**IS: Ons volke is al vir dekades besig met die stryd vir erkenning, vergoeding en restorasie, maar in hierdie stryd het baie van ons mense moed verloor as gevolg van teleurstellings en beloftes wat nie nagekom is nie. Hoe sal hierdie oorwinning help om ons mense weer eens te bemoedig?**

**JM:** Dit was baie inspirerend vir ons mense om te sien dat die stryd nie tevergeefs is nie. Maar dit is net een gedeelte van 'n groter pad wat gestap moet word, beide met die regering en die Rooibosbedryf. Daar is nou op swart en wit 'n ooreenkoms wat wetlik stipuleer wat gedoen moet word.

Dit is nou vir ons'n groot uidaging, want ons moet nou verseker dat alles wat in die ooreenkoms geteken is, stiptelik nagekom word.

Dit beteken dat die fondse moet in die Trust se rekening geplaas word, en dat die Trust die nodige kapasiteit kry om namens ons mense ons eie sake te bestuur. Die Trust moet nou die administrasie van ons mense se sake sterk opbou sodat ons van hierdie ooreenkoms verder kan uitbou.

**IS: Met alles wat nou in plek is, met die KhoiKhoi Rooibos ABS Trust, asook die inheemse strukture wat al jare onderhandel vir erkenning is u vol vertroue dat die visie van die Bio-kulturele Gemeenskap Protokol werklikheid sal word?**

JM: Daar is groot blydskap in ons gemeenskappe oor die ooreenkoms en die deurbraak met die Rooibosbedryf, en ons mense wag met groot afwagting dat die voordele wat in die ooreenkoms uitgelê word 'n verskil sal maak in hul lewens.

Nou moet ons die hulpbronne kry om ons strukture te verstewig; om die regte gereedskap te kry, sodat ons beheer kan neem. Daar moet ook ondersoek ingestel word om vas te stel of boere in streke soos die Kouga en Koukama, waar daar geboer word met heuningbos en rooibos, die ooreenkoms nakom en gehoorsaam.

**IS: Hoe voel u oor die rol van vennote soos Natural Justice, wat skouer aan die wiel gesit het om die wenpaal te behaal?**

**JM:** Hierdie moelike taak kon ons nooit alleen aangepak het nie. Natural Justice het 'n groot rol gespeel, en daar is nog 'n lang pad wat ons moet saamloop – op ons eie voete, as gelyke vennote, kan ons die groter uitdagings aanpak.

# In search of her identity, indigenous attorney found calling a divine guidance

***LESLE JANSEN** is at the forefront of the Rooibos contract and the trust that emerged and she believes it is a huge deposit into the healing and restoration for the National Khoisan Council's communities. It's not a fix, she tells **ZENZILE KHOISAN**, but it's a beginning.*

One of the critical elements of the victory that has been secured for South Africa's KhoiKhoi and San peoples, specifically in the case of the Bio-cultural Community Protocol, the Access and Benefit sharing agreement and other critical instrument of protecting Traditional and indigenous Knowledge holder rights and ensuring justice, restitution and restoration, has been the involvement of Natural Justice.

**INHEEMSE SPOOR: As the indigenous attorney representing Natural Justice here in South Africa you have done pioneering work in indigenous and customary law. What was the motivation and inspiration for you to read law and what made you specialise in the field where you now practice?**

**LESLE JANSEN:** My motivation was deepened when I saw men and women from our community in prison when I was giving self-development classes.

It was really generational inspirational drawing from prison transformative work my father was building while he was the head at one of Pollsmoor's prisons.

In there I encountered prisoners who could have been my brothers, cousins, uncles, sisters, aunts, etc.

We have 18 prisons in the Western Cape with our community being over 80% of the prison populations in all of them.

Through this healing work it brought me right to the door to discover there was a concerted effort to prevent the indigenous remembering.

I was actually a law graduate drop-out at the time in search of my own identity.

When I became conscious of this agenda, I decided that a law career could help. And then I did what I thought should be my part.


Indigenous attorney, Lesle Jansen.

**IS: What was your own pathway to an indigenous consciousness?**

**LJ:** Now, in hindsight, I see a divine guidance by God who should get all the glory, with the support of my ancestors.

I tried to listen after I figured out what was happening. But in short, my pathway was relationships, a lot of people supported, carried me, gave me and the cause a chance.

Quite honestly it took a village. It takes a village to hold this consciousness. I am still far from understanding it. But the pathway in essence is to come into "indigenous consciousness alignment". Once you find its alignment, it carries you. Here, you have no say, really.

**IS: How did this foundation of indigenous consciousness inform your involvement with Natural Justice and your involvement in cases such as the Rooibos Access and benefit sharing negotiations, the crafting of the BCP and the creation of instruments such as the KhoiKhoi Rooibos ABS Trust?**

**LJ:** I believe that my meeting Natural Justice was a divine alignment.

It was one of the only organisations to step out and support the South African indigenous communities at the time. They did not do selective NGO-ing. They came full-on.

The way they stood with our indigenous cause, is so profound. Because they were willing to support the Khoi and San struggles, it allowed me to have access to resources and opportunities to assist.

The Rooibos contract, BCP and ABS trust, was a massive deposit into the healing and restoration for the National Khoisan Council's communities.

I believe this is a generational start. It's not a fix but it's a beginning.

**IS: What is your view of the broader fight for the recognition, restoration and restitution of KhoiKhoi and San descendants in South Africa?**

**LJ:** I will say, well done. You've started to shift the narrative in South Africa; started having an inclusive conversation towards a truly rainbow nation.

Through this work (getting recognition as traditional knowledge holders to SA's high value plant species) and other key initiatives, communities are doing great work in many fields across SA. With this, you continue to ensure we can become a truly diverse country as fellow Africans.

My message would be lets aim always for unity, finding our points of connections with our fellow African communities. Lets guard our medicine against disunity, racism, exclusivism. Lets draw from history and our ancestors who were stronger together than apart.

**IS: What is your message to young Khoi and San descendants who may wish to follow in your footsteps and read law to make the kind of difference that you have made?**

**LJ:** I would say its a good decision and communities should encourage them to go into law to understand how the law can assist their struggles. And all of the opportunities are there to be taken. One point I do want to make is for the youth to never forget where they come from and who they are.

External experts are writing and publishing and researching their significance. Its important for communities to know their own significance, as that is our medicine. And no matter where they find themselves they will know who they are no matter what comes their way.

# Ouma Tryntjie deel kennis van 'goue neste'

Ons wil graag erkenning gee aan die verhaal en rol van Tryntjie Swarts, 'n Khoikhoivrou wat in die Sederberg gewoon het.

Sy het in die 1920s die kulturele kennis van die Khoi-Khoin gedeel oor hoe om die "goue neste" van Rooibos-sade te ontdek. Hierdie kennis was 'n belangrike aanspoorder vir die uitbreiding van vandag se Rooibos-industrie.

Rooibostee het vinnig oor Suid-Afrika en die hele wêreld gewild geword. Die gevolg is dat dit 'n reeks van Rooibos gesondheids- en kosmetiese produkte daaruit voortgespruit het..

Ons oorspronklike kennis was die sleutel tot die ontwikkeling van die Rooibos-industrie en kommersialisering daarvan vandag.

Vir die afgelope 150 tot 200 jaar, het ons as oorspronklike kennishouers nooit enige intellektuele eiendomsregte ontvang nie, en het ook nie ons vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming vir die gebruik daarvoor gegee nie.

Vir geslagte lank word rooibos gebruik as 'n geneesmiddel vir 'n wye reeks van kwale. Die fyn, naaldagtige rooibosblare is ryk aan antioksidante en kaffeine-vry.

Ander voordele sluit in die verligting van allergiese simptome, 'n energie-opkikker, versterk en bou weerstand op teen teen siektes en help ook met die heling van beskadigde vel.

Rooibos word ook aangewend vir die behandeling van verskeie kwale en word veral gebruik vir die hoë en lae bloedruk; maagkwale; bloed sirkulasie; nierkwale en die verligting van stres.

As dit saam met ander kruie gebruik word, word Rooibos aangewend om diabetes te behandel asook in die verbetering van mondhigiëne.

Rooibos word dikwels gevind in velversorgingsprodukte, wat gebruik word om veluitslag en klein velwonde te behandel.

In die landbou-sektor kan dit ook gemeng word in verskeie grondsoorte om te help met bemesting en om grond meer vrugbaar te maak.

Dit is 'n trotse oomblik vir die Khoikhoi-gememeenskappe se bydrae en regte dat hulle nou gereken word as die erkende tradisionele kennishouers.

Hierdie is 'n reg wat nie voorheen vir hulle bestaan het nie.



Khoikhoi trustee representatives Stanley Peterson and Barend Salomo at the unveiling of the first edition of the Khoikhoi Rooibos BCP with representatives of Natural Justice and funders who have supported their work over the years.

# Rooibos se lang pad na restitusie

Ons, die Khoi-Khoin, kom van 'n sterk mondelinge tradisie, en dra so ons skatte van kennis aangaande die plante en diere van Suid-Afrika oor van een geslag tot die daaropvolgende.

Hierdie sluit onse kennis in oor die gebruike van Rooibos (*Aspalathus linearis)*, wat bygedra het tot die stewige basis van vandag se multi-miljoen rand Rooibos-industrie.

Die Rooibos naam is ook geregistreer as 'n Geografiese Indikator by Die Wêreld Intellektuele Eiendomsorganisasie (WIEO).

Rooibos is eie aan Suid-Afrika en groei slegs in die Sederbergreeks in die Weskaapse provinsie sowel as sekere dele van die Noord- en Oos-Kaap Provinsies.

Dit is ook in ons volksmond bekend as "die arm man se tee"; bossie tee" of "stokkies tee".

As 'n antioksidant het die plant talryke gesondheidsvoordele. 'n Groot nasionale en internasionale industrie het rondom rooibostee ontstaan, onder meer vel– en skoonheidsprodukte, wat selfs vir babas gebruik kan word.

Meer as 200 jaar gelede is ons kennis deur die Kolonial magte wan-bestee. Hulle het ons nie erken as die tradisionele kennishouers nie en aan die kommersialisering van Rooibos deelgeneem sonder ons toestemming of sonder om enige voordele met ons te deel.

Ons het eers in 2010 gehoor dat ons reg het op voordele wat gemaak word uit ons tradesionele kennis toe Natural Justice 'n bio-plagiaat saak gemaak het.

Die rede hiervoor was toe Nestlé probeer het om vyf Rooibos (en Heuningbos) patente te registreer vir die ontwikkeling van haar- en velprodukte.

Natural Justice en die Switserse organisasie, Berne Erklärung, het 'n wêreldwye veldtog teen Nestlé geloods vir die oortreding van Suid-Afrikaanse wetgewing en die Konvensie oor Biologiese Diversititeit/Nagoya Protokol.

Die patente was uiteindelik onsuksesvol en die gevolg was dat Nestlé South Africa die kennishouers vir die toestemming in die ontwikkeling van 'n rooibos drankieproduk genader het.

Dit was die eerste Toegang en Voordeelverdelingsooreenkoms oor Rooibos.

Hierna het die Suid-Afrikaanse San Raad in 2010 die proses begin van voorspraak vir die erkenning van hul inheemse kennis oor die gebruike van Rooibos en ander plante wat in Suid- Afrika gevind word.

Natural Justice het die San regsverteenwoordiger genader om te praat oor hoe die Khoi-Khoin ook in die stryd op erkenning ingesluit kan word.

In daardie tyd het die destydse Departement van Omgewingsake en die Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing ook begin om die Khoi-Khoin te erken as medehouers van tradisionele kennis.

Dit het die deur in 2012 geopen vir die Khoi-Khoin om ook hulle regte te verseker as die kennishouers van sleutel plant-spesies, insluitend Rooibos.

Daardeur het die Nasionale Khoisan Raad en die Suid-Afrikaanse San Raad 'n 50/50% voordeel-verdeling deelgenootskap gesluit as mede-kennishouers.

In dieselfde jaar het ons besluit om 'n gemeenskapsprotokol te ontwikkel (GP) met die doel om uit te spel wie die Khoi- en San-gemeenskappe is as nie-erkende Afrika-inheemse gemeenskappe in Suid-Afrika.

Teen 2013 het ons die kwessies wat prioriteit in ons GP moet geniet, geïdentifiseer. Dit sluit onder meer in:

- Grondwetlike erkenning;
- Erkenning van ons tale;
- Grondregte;
- Intellektuele eiendom en Toegang en Voordeel-verdeling;
- Vroue en jeug; en
- Genesing en ekonomiese ontwikkeling

Maar, soos die stryd om erkenning as kennishouers tot die gebruike van Rooibos versterk het, het ons besluit om vir eers die breër GP-proses oor te hou. Ons het Toegang en Voordeel-verdeling (TVV) onderhandelinge vir Rooibos begin en besluit om op hierdie proses te fokus.

Ons het probeer om die Suid-Afrikaanse Rooibos Raad by die onderhandelingstafel te kry oor voordele by ons eerste vergadering by die !Khwa ttu San kultuur– en opvoedingstrum in 2012.

Verskeie sleutelkwessies het egter vir die industrie bly staan wat die onderhandelinge geaffekteer het, soos die kwessies rakende ons erkenning as tradisionele kennishouers; wie die wetlike gemeenskapsverteenwoordigers is; 'n deeglike begrip van hoe die gemeenskap georganiseer is; asook die verteenwoordiger van die Sederberg inheemse boere in die onderhandelinge.

Die belangrikste strydpunt was of die Khoi-Khoin en San inderdaad die kennishouers tot die gebruike van Rooibos was.

Dit het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse regering 'n studie oor Tradisonele Kennis oor Rooibos en Heuningbos in 2014 aangevra het.

Daarin word onse regte as tradisionele kennishouers tot die gebruike van Rooibos bevestig.

Die Rooibos-industrie het toe besluit om hul eie navorsing oor Tradisionele Kennis te doen, maar hulle bevindinge is nooit openbaar gemaak nie.

Gevolglik was 'n voordeel-verdelingsooreenkoms ontwikkel tussen Nestlé, die Suid-Afrikaanse San Raad en die Nasionale Khoisan Raad.

Dit was die eerste ooreenkoms wat bereik was oor die gebruike van Rooibos. Terselfdertyd was dit die katalisator wat 'n sterk invloed uitgeoefen het vir die begin van 'n industrie-wye voordeel-verdelingsooreenkoms.

Hierdie ooreenkoms met Nestlé was ook strategies gebruik om 'n klousule in te sit wat aandui dat alle Rooibos wat ontgin word, eties gedoen moes word ingevolge die wet. Dit was 'n groot oomblik in die stryd om erkenning.



# Foundations of a resurgence

ZENZILE KHOISAN

One of the most vibrant cultural and identity movements ever to manifest in the final days of the transition from apartheid through the negotiations process and particularly after the first democratic elections is what is broadly known as the KhoiKhoi and San or Khoi-San resurgence.

The phenomenon finds its roots in the failure of the former liberation movements to address the first injustices that occurred in South Africa.

This was namely the large scale dispossession of KhoiKhoi and San peoples from the ancestral lands over which they had custody, the destruction of the majority of their social, civic, cultural and economic structures and cultural belongings and finally their removal of their identity which was then replaced by an alien term, coloured.

What occurred as a result, is that the original inhabitants of much of South Africa became a marginalised, landless, uprooted and disrupted people of no property – effectively cut of from their claims to the lands of their ancestors and all the indigenous or traditional knowledge rights which were ancestral resources built in centuries of knowledge systems that had been handed down through the generations.

For these reasons the resurgence grew from a small group of conscious thinkers, indigenous leaders and cultural activists in the period prior to democracy to a formidable movement demanding recognition, restitution and restoration.

Prior the fall of apartheid, there were many leaders that had challenged the apartheid government and had also challenged the liberation movement's omission, of not seriously addressing the recognition of the Khoi and the San and including these leaders in the CODESA negotiations process which laid the basis for the first democratic elections.



Prof. Jatti Bredekamp



Chief Joseph Little



Dr. Willa Boezak

These included leaders such as Andrew Abraham Stockenstroom le Fleur II, Professor Henry C. Jatti Bredekamp, the writer Alex la Guma, Khoisan X (Benny Alexander), Benny Witbooi and numerous others that had built a campaign for recognition of KhoiKhoi and San identity and for restitution of the injustice that had been done to their forebears.

However, it was the insightful and visionary leadership of AAS le Fleur that opened the way for the consolidation of the resurgence, captured pertinently by Khoi historian Dr Willa Boezak when he wrote: "After the release of Nelson Mandela, the Convention for a Democratic South Africa, CODESA 1 in 1992 and CODESA 2 in 1993, took place.

"From this came the first democratic elections in 1994 and later the South African Constitution in 1996.

"When A.A.S le Fleur II was denied from participating in CODESA, he hired Advocate Mansell Upham in 1995, to represent their issues on behalf of the Griekwa National Conference (GNK) at the United Nations (UN) Working Group on Indigenous Populations in Genève, Switzerland."

Boezak noted that "this was the first time the GNK advocated for the return of the remains of Sarah Baartman".

From this developed the talks with President Nelson Mandela in 1997. In that same year and again in 1999, the government handed over six farms to the ≠‡Khomani-San outside of the Kgalagadi-Gemsbok National Park and inside the park (via former president Thabo Mbeki).

It was after these early initiative that Professor Henry Jatti Bredekamp organised an academic conference on Khoisan identities and Cultural Heritage in 1998 through the Department of History at the University of the Western Cape (UWC).

Boezak went on to explain that it this conference that "inspired a Cape Khoi activist, Joseph Little, to talk to paramount chief Biskop Daniel J. Kanyiles in Richie, Northern Cape, about the idea of reestablishing the original tribes of the Eastern and Western Cape along traditional areas."

Under Paramount Chief Little's leadership many of the first Khoi leaders of the resurgence, paramount chiefs, chiefs and chief women were initiated by the ancient !Nau ceremony.

In 1998 former president Mandela formed the National Griekwa Forum as a governmental body for negotiations, as the matter of recognition had been lodged before the relevant organs of the United Nations.

Boezak again relates how, under visionary leadership, the GNK refused to fall prey to a divide and rule tactic, opening the door to the broader marginalised KhoiKhoi and San to also be involved.

"The GNK felt it was non-representative and it was replaced by the National Khoisan Forum in 1999 (which later became the National Khoisan Council and later, on the demands of the San, became the National Khoi and San Council).

Their main mandate was to ensure the constitutional inclusion of the Khoisan leaders and their communities.

The NKSC represents the five main roupings: the San, Griekwa, Koranna, Cape Khoi and the Nama.

The first chairperson was Paramount Chief Little and, later, Chief Cecil le Fleur.

Meanwhile, Paramount Chief Kanyiles organised the tribal chiefs under his leadership into the National Council of Khoikhoi chiefs. This later developed into the Cape Khoi Cultural Heritage Development Council (CKCHDC).

***Khoi-Khoi mense is bekend vir hulle geestelike verbondenheid aan grond. Ons het dit nie as 'n ekonomiese kommoditeit beskou nie, maar eerder as 'n geskenk van die natuur.***

# Tradisionele Kennis deel van ons identiteit

Tradisionele Kennis (TK) is kennis, handigheid, vaardighede en praktyke wat ontwikkel en volgehou word en later oorgedra word van geslag tot geslag binne 'n gemeenskap, wat dikwels deel vorm van hulle kulturele of geestelike identiteit.

Terwyl daar nog nie op internasionale vlak 'n aanvaarde definisie van TK bestaan nie, bepaal die Wêreld Intellektuele Eiendoms-organisasie dit as volg:

- TK in 'n algemene sin omarm die inhoud van kennis as sodanig sowel as tradisionele kulturele uitdrukkings, insluitend uitsonderlike tekens en simbole wat geassosieer word met TK.
- TK in die beperkte sin verwys na kennis as sodanig, in besonder die kennis wat volg uit intellektuele aktiwiteit in 'n tradisionele konteks, en sluit in kennis, handigheid, vaardighede, praktyke en innovasies.

Tradisionele kennis kan gevind word in 'n wye verskeidenheid van kontekste insluitend: die landbou; die wetenskap; tegniese, ekologiese en medisinale kennis, sowel as biodiversiteit-verwante kennis.

In 2014 het die Suid-Afrikaanse regering 'n studie aangevra (en gepubliseer) om vas te stel of die Khoi-Khoin en San inderdaad die kennishouers is tot die gebruike van Rooibos.

Die studie, getitel "Tradisionele Kennis wat met Rooibos en Heuningbos-spesies in Suid-Afrika verband hou", het geen rede gevind om die aannames van Khoikhoi- en San-gemeenskappe te betwyfel nie.

"Die feit dat hierdie spesies inheems is in gebiede waar die spesies wydverspreid voorkom, tesame met die feit dat die San- en Khoikhoi-volke eeue lank daar gewoon het – lank voor die aankoms van die setlaars – en dat die industrie in daardie gebiede begin en uitgebrei was, bevestig die gemeenskappe se waarneming dat die tradisionele kennis vir Rooibos en Heuningbos by die gemeenskappe hoort, wat oorspronklik van daardie gebiede is.

Daar bestaan dus geen twyfel dat die Khoi-Khoin en San die houers van TK van hierdie spesies is."

# Kennis oor Rooibos van ons voorouers oorgedra

Die San- en Khoivolke is die oorspronklike kennishouers van die gebruike van Rooibos. Dié verskillende gebruike is verbind aan ons voorouers wat deur die hele Suider-Afrika nomadies geleef het vir talle eeue.

Ons kennis is oorgedra van die een geslag tot die volgende geslag. Ons begeerte is dat hierdie kennis sal voortgaan om oorgedra te word aan ons toekomstige generasies.

Ons glo dus dat ons 'n trans-generasionele band besit vir die oordrag van die tradisionele kennis, wat duidelik te sien is in die kennis wat ons het en deel.

Ons voorouers het ons daardie aspekte geleer wat verband hou met die kennis, hoofsaaklik deur 'n mondelinge oorlewerings-tradisie, storievertelling en praktiese lering.

In sommige gemeenskappe, soos die Sederberge, sou ons vir ure stap om die beste plante te kry. Dan sou ons dit oes en in fyn stukkies kap met byle.

Nadat ons dit verder fyngedruk het met klippe, het ons dit later fyngekap met hamers. Die plante is dan in hope laat gis, en laastens sou ons dit in die son laat droog word.



Die oes en bewerking van wilde Rooibos is 'n tydrowende en moeilike taak. Die ontginning van Rooibos was op 'n klein skaal, en daarom was die gewildheid van die tee histories beperk tot ons gemeenskappe.

Rooibos het onbekend vir die wêreld gebly tot 1772, waarna ons ons kennis oor die gebruike van die plant met 'n Sweedse botanis gedeel het.

Hoewel die botanis daardie kennis Europa toe geneem het en daaroor geskryf het, is die ware potensiaal van die plant nog nie besef nie. Dit het eers in 1904 gebeur toe 'n Russiese immigrant belangstelling in Rooibostee getoon het, en begin het om met ons handel te dryf.

*"Rooibos het in hierdie gebied begin en ek glo dit omdat ek die kennis oor rooibos-bewerking van die tee by my ma geleer het en sy het dit van haar ma geleer, wat dit weer van haar ma geleer het, en sy het dit weer van háár ma geleer." – Wupperthal inheemse Rooibosboer*

# Verdeling van voordele

Die Khoikhoi inheemse gemeenskappe van Suid-Afrika besit 'n gemeenskaps-trust gereed vir die bevordering en opheffing van die begunstigdes in toegang en Voordeel-verdeling.

Die doel van die Trust sal wees om die kapitaal en inkomste aan te wend wat in die Trust Fonds inbetaal word om die Voordeeltrekkers te ondersteun en te help (Khoikhoi-volke insluitend die Sederberg inheemse boerderygemeenskappe).

Die Trust is nie vir wins nie en tree op in die belang van die publiek.

Dit sal die middele verskaf vir die Khoikhoi-gemeenskappe om 'n vorm van restitusie te ontvang met betrekking tot hul tradisionele kennis, wat bygedra het tot die Rooibos-industrie en al die ander industrieë waartoe hul tradisionele kennis bygedra het.

Die Trustee Raad sal 'n regverdige geslagsbalans handhaaf bestaande uit nie minder as tien en nie meer as vyftien lede nie en sal dien vir 'n termyn van vyf jaar.

Die trustees sal bestaan uit een verteenwoordiger elk van die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye; die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake; die Departement van Wetenskap en Tegnologie; en een elk van die gemeenskappe van Wupperthal, Niewoudtville/ Suid-Bokkeveld, asook vyf verteenwoordigers van die NKR van wie een ampshalwe die Voorsitter sal wees, Administrateur en boekhouer albei ex officio, en een regspersoon.



NKR-voorsitter Cecil le Fleur, saam met ander NKR-lede, teken die Rooibos-ooreenkoms onder toesig van die Minister van Omgewingsake, Barbara Creecy.

Die trustees sal 'n Algemene Jaarvergadering hou (AJV) wat oop is vir alle begunstigde gemeenskappe en instellings, wat jaarliks op of voor 15 Desember gehou sal word. By die AJV sal die voorsitter verslag gee oor die bedrywighede van die jaar, en die tesourier sal die ouditeursverslag voorlê.

Die Trust sal jaarliks die prosedure oor die distribusie van fondse in ten minste twee koerante in beide Afrikaans en Engels publiseer asook aan hul verteenwoordigers beskikbaar stel.

Verdere besonderhede word in die Khoikhoivolke Rooibos en Biodiversiteit Trust Titel gegee soos na behore geregistreer by die Meester van die Wes-Kaapse Hooggeregshof op 27 September 2019.

**Voordele sluit in werkskepping en die opheffing van sowat 160 kleinskaalboere**

## Verspreiding van voordele

Die trustees sal gelei word deur die beginsels en doelwitte van die trust sowel as die beleide en beginsels wat verder ontwikkel sal word as riglyne vir die betaling van voordele.

Geen distribusie van fondse sal bemaak word aan 'n Khoikhoi Voordeeltrekker of 'n goedgekeurde institusie tensy:


- 'n breedvoerige versoek, begroting en goed berede-neerde plan ontvang is vir die toewysing van die fonds en sodanige versoek geboekstaaf en goedgekeur is deur die Trust onder toesig van die regering.
- 'n behoorlik gekonstitueerde Trust resolusie geneem is;
- 'n staande beleid in plek is, wat die toewysing van sodanige fondse wettig.


## Werkskepping

Die ooreenkoms behels 'n een-jaar loodsprojek waarby die Khoi en San 1.5% ontvang van die "plaashek" prys van die produsente van rooibos in die vorm van 'n jaarlikse heffing, BTW ingesluit.

Dit word geskat dat R12 miljoen per jaar, na ouditering sal op 'n 50%/50% basis in die Trust Rekeninge betaal word, geopen deur San en Khoi.

Voordele sluit in werkskepping en die opheffing van sowat 160 kleinskaalboere wat aan die Wupperthal ko-operatief behoort in die Wes-Kaap en die Heiveld ko-op in die Noord-Kaap.




**Die meegaande diagram wys hoe voordeel-verdeling in die geval van Rooibos sal werk.**
**Dit verduidelik drie uiters belangrike stappe tot die vloei van die geld en verskaf sleutel inligting.**

The San people chose to document and assert their traditional knowledge through the South African National Recordal System, which is the largest South African initiative that records, documents, preserves and protects indigenous knowledge for the benefit of the communities of South Africa. In 2017, they officially recorded their uses of Rooibos.

# KHOIKHOI IDENTIFIKASIE EN GEMEENSKAPSFORMASIES

**WAT OF WIE IS 'N KHOIKHOIGEMEENSKAP?**

**"Khoikhoigemeenskappe wat deur die Nasionale Khoi en San Raad en die Sederberg Strook Inheemse Boerderygemeenskappe verteenwoordig word"**

**WIE KWALIFISEER VIR DIE KHOIKHOI-VOORDELE?**

**Hulle wat:**

- **Self-identifiseer as Khoi-Khoin**
- **Aanvaar word as as deel van 'n Khoikhoi-gemeenskap**

***Hierdie sluit persone in wie identifiseer as Khoi-Khoin van die Sederberg Strook Inheemse Boerderygemeenskappe**

**WAT IS DIE FORMASIES VAN DIE KHOIKHOIGEMEENSKAPPE EN DIE SEDERBERG STROOK INHEEMSE BOERDERYGEMEENSKAPPE?**

**Khoikhoigemeenskap subgroepe:**

**Griekwa**
**Nama**
**Koranna**
**Kaapse Khoi**

*** Insluitend Sederberg Strook Inheemse Boerderygemeenskappe wat bestaan uit die Wupperthal, Nieuwoudtville, en Suid-Bokkeveld Inheemse Boerderygemeenskappe.**

